# BERGenBAAI

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

MAART 2011



## LEES OOK

As ons gemeente op reis sou gaan - 3

Malta se twee Kruise - 5

Kampnuus - 9

Gedagtes rondom Lyding in Lydenstyd - 11

Omdat ons klein is ... - 12

Onthou die Teddiebeer-fees op 2 Mei.

## PAASFEESNOTAS

As kind reeds word mens bewus van die seisoene en siklusse van die lewe: winter volg op somer, en na winter verby is volg somer weer. Bietjie later besef jy dat jou lewe verdeel word in skoolkwartale en skoolvakansies wat reëlmatig op mekaar volg, met tussenin ook die lekker dinge soos verjaarsdae en Kersfees. Nog 'n ent verder af in die pad en mens leer van finansiële jaareindes, hernuwing van lisensies en inkomstebelastingvorms, wat maar weer en weer voor jou kom staan. Natuurlik is ons ook dan teen die tyd bewus van die seisoene wat ons in die kerk belewe: Paasfees, Pinkster, Kersfees.

Wanneer ons bewus word van die siklus van die seisoene in die Kerkjaar word ons ook bewus gemaak van 'n ander ritme as die ritme van die sekulêre kalender waarbinne ons elke dag ons lewens organiseer. Deur die nuwe ritme te volg word ons ingetrek in 'n dieper bewustheid van die verloop van Jesus se lewe op aarde, en sluit ons aan by 'n skare van gelowiges, díe wat ons reeds vooruitgegaan het, díe wat ons nou vergesel, en díe wat nog na ons gaan kom.

### Seisoene

Die kerkjaar begin met Advent en word in drie hoofsiklusse verdeel, met 'n voorbereidingstyd, 'n viering vir elke deel en 'n tyd vir besinning: Kersfees met Advent as voorbereidingstyd, Kersfees vir die viering en Epifanie vir die tyd van besinning; Paasfees met Lydenstyd as voorbereidingstyd, Paassondag as die hoogtepunt van die viering, en Paastyd as die tyd vir besinning daarna; en Pinkster met die tyd vanaf Hemelvaart as voorbereidingstyd en Pinkstersondag as viering. Koninkrykstyd wat volg op Pinkster, is die tyd van besinning waarin ons die gawes wat ons in die drie feeste ontvang het, gaan uitleef in die wêreld. Die verskillende seisoene word deur 'n spesifieke kleur voorgestel en gewoonlik ook deur een of ander simbool.

### Paassiklus

Jesus se kruisiging en opstanding is die sentrale fokus van ons Christelike geloof, dit is die gebeure wat spesifiek herdenk word op Goeie Vrydag en op Paassondag. Maar dit is ook nodig om die voorbereidingstyd, Lydenstyd, ernstig op te neem en meer plek daarvoor in ons lewens te gee. Deelname aan Jesus se lyding, sterwe en opstanding begin in Lydenstyd. Jesus se veertig dae in die woestyn vorm die agtergrond van Lydenstyd. Gedurende Lydenstyd kry ons geleentheid om onsself weer bewus te maak van die genade waarin ons leef.

Paasfees was van vroeg af al in die Christelike geloof gevier, veral Jesus se opstanding uit die graf, want soos Paulus aan die Korinthiërs geskryf het: *En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud (1 Kor 15:14).* Jesus se opstanding is dus die kern van ons geloof en om dit net met Paaseiers te vier maak daarvan 'n baie oppervlakkige fees.

### Heilige Week

Heilige Week, die week wat Paasfees voorafgaan, begin met Palmsondag. Op Palmsondag word Jesus se intog in Jerusalm herdenk. Sommige kerkgenootskappe sien die tyd vanaf Donderdagaand in Heilige Week tot Paassondagoggend as een groot erediens en rig die dienste so in dat dit van een na die ander aaneenskakel. Gedurende die Donderdagaand kan 'n Donkerdiens (Tenebrae of ook bekend as Diens van Duisternis) gehou word. Gedurende hierdie diens word die Lydensverhaal voorgelees en die kerse in die kerk progressief gedoof totdat die kerk heeltemal donker is. Die groeiende duisternis simboliseer Jesus se Lydensweg en sterwe.

Gedurende Goeie Vrydag herdenk ons Jesus se offer aan die kruis. Op Stilsaterdag vas ons van woorde en herdenk so Jesus se tyd in die graf, in stille afwagting op die uitkoms van Jesus se stryd teen die dood. Op Paassondag vier ons met vreugde Jesus se oorwinning wanneer ons oorweldig word deur die wonder van Jesus se opstanding.

*(Vervolg op bl. 2.)*

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

# Redaksioneel

**Die gas in gasvryheid**

Baie mense skryf baie oor gasvryheid. Suid-Afrikaners is van nature gasvry en diegene op die platteland glo nog meer so. Maar, het iemand al iewers iets raak gelees oor hoe om `n ware gas te wees? Daar is talle voorskrifte oor hoe om mense te laat tuis voel, maar nou is die vraag of daar enige voorskrifte is oor hoe die gas hom/haar behoort te gedra.

So nooi jy iemand vir ete en die gebruik in jou huis is om te wag tot almal kos het en dan bid ons en dan eet ons saam. Die gas skep, sluit sy oë en eet. Die ander skep nog kos in... Die gawe gas sit terug en wag op die uitnodiging om te skep, loer wat doen die gesin en as hy nie weet nie, vra hy.

Jy nooi iemand saam teater toe, betaal die kaartjie, betaal vir die vervoer - want jy ry met jou motor - koop vir die gas `n program, en die gas draai om en gaan koop vir hom `n koppie koffie en kom staan en drink dit rustig by julle. Die lekker gas is die een wat die parkeerkaartjie uit jou hand neem en die parkering betaal, wat aanbied om koffie te koop, wat vra of jy ook `n program wil hê.

Jy nooi iemand as spreker na `n byeenkoms van `n bepaalde groepering en die gasspreker maak van die verhoog gebruik om die aanwesiges te raps oor dit wat hy/sy reken fout is in hulle mondering. Die genooide spreker praat oor die onderwerp ter hand en gebruik `n ander forum om kritiek uit te spreek.

Jy neem iemand vir ete en al waaroor die gas woorde het, is die swak gehalte van die eetplek en die pryse op die spyskaart, in plaas daarvan om te kyk in watter prysklas bestel die gasheer en volg die roete. Lekker mense prys die goeie kos en swyg oor dit wat mag pla.

As ek `n gas is, is my hele ingesteldheid die van iemand wat `n geskenk ontvang. Ek maak die pakkie met verwondering oop, aanvaar die inhoud met dank en onthou, dis `n geskenk; ek het dit nie verdien nie.

So kom ons ook as gaste elke Sondag kerk toe en aanvaar die geskenk wat God deur Sy Seun, Jesus Christus, vir ons gegee het, met verwondering. Ons maak die pakkie by wyse van spreke met verwagting oop, elke keer, en verlustig ons in die gawe. Dan is die gehalte van die preek, die skynheilige medegelowiges en `n verskeidenheid irritasies van geen belang nie. Ons is genooi en wat ons ontvang, is `n geskenk. Ons verdien dit nie!

*Pieter*

*(Vanaf bl. 1)*

**Paastyd**

In Paastyd, die tyd na Paasfees tot met Hemelvaart, word die nuwe lewe van die gelowige gevier, soos in Efesiërs 5:1-2 vir ons gesê word:

***Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.***

Die reis van selfondersoek en sondebesef wat ons met Lydenstyd begin het gaan van hier af voort in voorbereiding op die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. En so gaan die siklus voort, in 'n spiraalgang wat ons al dieper en dieper intrek in die misterie van 'n verhouding met 'n God wat ons so lief het dat Hy vandag nog ingryp in ons lewens met 'n plan wat Hy reeds eeue gelede beplan het.

# Forum

## As ons gemeente op reis sou gaan

**Ds. Gerhard Pietersen**



Frederick Marais, 'n bekende konsultant in gemeente vernuwing en verandering skryf:

"Ek het vanoggend 'n wonderlike gesprek met 'n dominee uit die platteland gehad. *Dit is al November en ons het nog nie 'n kalender vir volgende jaar nie*, vertel hy my. Hy is egter rustig en vertel dat daar in die gemeente die afgelope tyd 'n wonderlike dinamika los gekom het. *Die Here het vir ons 'n teks gegee en ons het begin om dit oor en oor te lees - daarin te wandel. Dit het vir ons soos 'n rigtingaanwyser geword, en ons het net besef ons kan nie nou planne optrek vir volgende jaar nie want ons weet nie wat die Here vir ons beplan nie! In die verlede sou ons doodsbenoud hieroor gewees het, maar daar is 'n rustigheid en 'n gereedheid dat die Here vir ons die pad kan wys. Ons is op reis en die bestemming is nie in ons hande nie*, sê hy toe hy by die deur uitloop."

Soms kan die Bybel of 'n boek, in teorie so ver voel as mens na 'n gemeente kyk! Soms is dit nodig dat ons ons gereelde vaste ritmes moet onderbreek want die Here is besig om ons op reis te neem na 'n nuwe bestemming wat nie vir een van ons bekend is nie. Om oop te wees vir hierdie reis waarop die Here ons neem, is om jouself oop te stel vir wat na jou gestuur word. In teenstelling met hierdie soort leefstyl, wil ons die meeste van die tyd in beheer wees met programme wat "iets vir die lidmate gee" sodat daar 'n gevoel van sekuriteit en sekerheid kan wees. In werklikheid hardloop ons onsself moeg om hierdie "iets" in stand te hou, jaar in en jaar uit. Die "iets" word 'n vaste patroon en ritme waaraan niemand moet torring nie, want dit werk!

Daar word vertel van 'n gemeente wat 'n kleiner kommissie aangestel het, wat aan 'n leiersgroep 'n voorlegging moes maak oor 'n moontlike pad vorentoe. 'n Paar bakens is aangewys, maar klem is daarop gelê dat die uitkoms nie in die ou programme en strategiese beplanning se hande is nie, maar dat die Here daarvoor vertrou moet word. Dat daar op reis gegaan moes word en die Here vertrou word vir die uitkoms. Een van die kommissielede verduidelik dat dit byna is soos om in 'n vliegtuig te vlieg en dit te herbou terwyl dit in die lug is! Die reaksie was 'n geskokte stilte. Een van die senior lede van die vergadering het later gevra: Bedoel julle dat ons op iets moet besluit waarvan ons nie weet waarheen dit sal lei nie. Presies, het ons entoesiasties verduidelik. Dit is toe dat die leier genoeg gehad het en met beslistheid gesê het dat ons hom moet verskoon, maar hy sal nooit kan ja sê vir iets waarvan hy nie weet waarheen dit sal lei nie. Nodeloos om te sê is die voorlegging nie goedgekeur nie.

Toe die kommissie uitstap, was die moedelose gevoel dat hulle in 'n kerkvergadering met praktiese ongeloof te make gehad het.

*(Van bl. 3)*

In skrille kontras hiermee is die gesprek met die plattelandse dominee 'n heel ander ervaring - 'n gemeente wat bereid is om hulle kalender oop te hou sodat die Here hulle op reis kan neem. Die verskil is nie persoonlikheidstipe of ouderdom nie, die verskil lê daarin dat as ons verstaan ons is 'n "witness", soos Guder dit hier onder beskryf, van gebeure, van bewegings wat nie by ons begin het nie, maar wat in-breek in ons werklikheid en ons kom verander. Dit is waarom ons ons netjiese kalenders, ek bedoel dit nie net metafories nie, soms moet opskort. As ons die slawe word van ons kalenders, van spertye wat ons van die môre tot die aand jaag, hou ons op om getuies te wees en word ons bestuurders van ons eie agendas.

Dit laat my dadelik dink aan die boek **Treasures in Clay Jars** wat die patrone van gestuurdheid in 'n gemeente beskryf. Een van die patrone van gestuurdheid is om op reis te wees na die heerskappy van Christus. Darrell Guder beskryf dit in die 7de hoofstuk soos volg:

**The missional church understands its calling as witness to the gospel of the in-breaking reign of God and strives to be an instrument, agent, and sign of that reign. As it makes its witness through its identity, activity, and communication, it is aware of the provisional character of all that it is and does. It points toward the reign of God which God will certainly bring about, but knows that its own response is incomplete and that its own conversion is a continuing necessity.**

Verlede Sondag het ek spontaan die kinders in die gemeente genooi om langs my om die nagmaaltafel te sit. Ek het nie geweet of hulle vorentoe sou kom nie. Hulle is meesal skaam! Ek het net gewag. Dit het spanning by my veroorsaak: wat as hulle nie kom nie? Aan die begin was daar geen beweging nie. Die eerste 2 minute het soos 20 gevoel, ek kon die teleurstelling in myself van my tone tot my kop voel beweeg. En skielik kom hulle. Al die kinders. Ons is darem genoeg om rondom een tafel te sit! En daar sit ons en kyk vir mekaar. Die gevoel is warm en intens om die tafel. Die Here is hier, soos Hy beloof het toe Hy die nagmaal ingestel het. Daardie belofte is steeds 'n werklikheid.

Daar was ook die ervaring van 'n jong student wat een Sondag in Houtbaai gepreek het. Sy preek sou nie skares in 'n stadion volpak nie. Lukas 10 sê "en maak die siekes daar gesond"; dit was sy preekteks. Dit was maar 10 minute lank. Hy het vir stilgebed gevra, waarna hy gevra het as daar mense is wat dit nodig het, om vorentoe te kom en gebed te ontvang, dat hulle geleentheid gaan kry. Daardie oggend het oud en jonk vorentoe gegaan om deur die jong student aangeraak te word. Geen meesleurende musiek nie, geen opruiende boodskap nie. Geen persoon in die sentrum nie. Stilte. Gebed. Om vir God te wag.

Dinge mag meer deurmekaar wees. Ons gemeentes het minder mense, maar stadig maar seker is meer en meer gemeentes besig om hulle hande oop te maak en toe te laat dat die Here hulle op reis neem sodat hulle gereed kan wees om deel te neem wanneer die Koninkryk en die heerskappy van Christus deurbreek. Laat ons daaroor bly en dankbaar wees en nie ophou om getuies te wees van die inbrake van God in ons gemeentes nie!



# Malta se twee Kruise

**Malta het twee Kruise.** Dit was nie altyd so nie. Die eerste kruis is 'n paar eeue gelede na Malta gebring, die tweede is maar eers onlangs aan Malta toegeken, maar tussen die twee kruise lê 'n belangrike deel van die geskiedenis van die klein eilandjie.

**Kleurryke verlede**

Malta het 'n kleurryke verlede wat seerowers, Romeinse goewerneurs, ridders en selfs Paulus insluit. Die obskure klein eilandjie is deel van 'n groep van drie eilande geleë in die Middellandse See: Malta, Gozo omtrent 'n derde kleiner, en 'n heelwat kleiner, Comino. Die eilandgroep lê 93 km suid van die suidelikste punt van Sisilië, die voetbal onder die stewel van Italië. Die eiland Malta beslaan 'n area van 246 vk. km. Die strategiese ligging van die eiland het deur die eeue altyd die oë van die heersende maghebbers in die area getrek. Malta was naas Gibraltar gesien as die poort tot die Middellandse See en het dus 'n sleutelrol gespeel in die oorheersing van die gebied.

**Eerste inwoners**

Die eerste inwoners van Malta het in die vroeë Steentydperk (5200 vC) uit Sisilië oor die kanaal wat Malta van die groter eiland skei, gemigreer. Hier het hulle hulself kom vestig as landbouers en vissers. Mettertyd was hierdie eerste mense afgesny van hulle oorspronklike kultuur in Sisilië en het hulle 'n eie unieke kultuur gevorm. Hulle nalatenskap is neolitiese tempels van massiewe kalksteenblokke, gekap en gevorm met primitiewe klipwerktuie. Hierdie strukture is ouer as die Egiptiese piramides en *Stonehenge* maar ter enige tyd net so indrukwekkend.

Die eerste aankomelinge het in 750 vC voet aan wal gesit. Die Fenisiërs het uit Karthage in Noord-Afrika na Malta gekyk en 'n geleentheid gesien om hulle grondgebied te vergroot. En so het dit begin. In opeenvolgende golwe het die oorheersers van buite ingekom om besit te neem van Malta en sy mense. Na die Fenisiërs, die Romeine. Dit was gedurende die tyd van die Romeine dat Paulus skipbreuk gelei het as gevangene op pad na Rome. Die verhaal word vir ons vertel in Handelinge 28. Vandag is daar nog 'n hele paar plekke op die eiland wat aan toeriste uitgewys word as sou dit 'n verbintenis hê met Paulus.

**Die eerste kruis kom aan wal**

Na die Romeine het seerowers uit Noord-Afrika Malta keer op keer kaalgestroop en mense as slawe weggevoer. Arabiere het 'n ruk lank die oorhand gehad en 'n groot invloed op die Maltese taal gehad. In 1127 is dit die Normandiërs. Onder die Normandiërs was daar 'n ruk lank vrede vir die Maltese en word die Christen geloof weer op Malta hervestig. Hierna neem die Habsburgers oor. In 1530 word die Ridders van St Johannes verblyfreg gegee deur Karel V om hulself op Malta te vestig. En so kom die eerste Kruis aan wal. Die agtpuntige Kruis van die Ridders van St Johannes, later ook bekend as die Ridders van Malta.

Hierdie Ridderorde het in 1113 ontstaan om pelgrims op pad na Jerusalem te versorg. Die Ridders van St Johannes (die Doper) het algaande 'n meer militaristiese rol gespeel en het 'n bedreiging geword vir die Ottomaanse Turke, die heersers in Palestina. Die Ridders word gedwing om Palestina te verlaat en wyk uit na Rhodes maar vir die Turkse Sultan, Suleiman die Manjifieke, was dit steeds nie ver genoeg nie en weer moet hulle uit. Uiteindelik land hulle redelik teësinnig op die barre eiland, Malta. Hulle het nie veel ander keuse nie omdat niemand anders die strydlustige krygers naby hulle wou toelaat nie. Die Maltese het egter, soos soveel maal tevore, géén keuse gehad in die saak nie.

**Die Ridders**

Die Ottomaanse Ryk het die Ridders steeds as 'n bedreiging ervaar omdat die Ridders in die pad gestaan het van die Turke se pogings om 'n groter gebiedsvoordeel in Suid-Europa te kry. Na 'n vroeëre probeerslag in 1551 val die Turke die Ridders met mening aan in 1565 en beleër Malta. Vir vier maande lank hou 700 Ridders onder leiding van hulle ervare leier, Jean la Vallette en met die hulp van 9000 Maltese uit teen 'n oormag van 30 000 Turke. Na 'n bloedige stryd moes die Turke uiteindelik die aftog blaas. Die Groot Beleg van Malta het wel nie die mag van die Ottomaanse Ryk gebreek nie, maar die geskiedenis van die Christendom sou veel anders daar uitgesien het as dit nie vir hierdie moedige stryders was nie.

Die Ridders het vir nog 250 jaar op Malta aangebly en hulle stempel op talle maniere wel deeglik op die eiland afgedruk. Die hoofstad Valletta is deur hulle gebou en na hulle leier vernoem.

Maar die spreekwoord sê: ledigheid is die duiwel se oorkussing. In 1798 het 'n verswakte ridderorde die bewind aan Napoleon oorgegee sonder dat een skoot geskiet is. Hierdie keer het die Maltese egter besluit dat hulle genoeg gehad het. Napoleon se soldate het hulle so sleg gedra dat die Maltese in opstand gekom het en Napoleon se mense van die eiland afgeja, toe omgedraai en die Britte gevra het om as hulle beskermhere op te tree.

**Die Tweede Wêreldoorlog breek uit**

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Malta Brittanje se belangrikste vlootbasis. Die Maltese het goed besef dat hulle weer eens in 'n konflik waarvoor hulle nie gevra het nie gedompel gaan word, en dat hulle 'n rol op die voorste linie sal hê. Mussolini se lugmag het die eerste aanval op 11 Junie 1940 op die skeepswerwe geloods, één dag na Italië se toetrede tot die stryd. Malta se lugmag het op die stadium bestaan uit 3 Gladiator vliegtuigies (*Faith, Hope* en *Charity* gedoop deur hulle bewonderaars) en 42 lugafweergeskut in teenstelling met die Italiaanse mag van 200 vliegtuie. Hierdie keer het Malta alleen gestaan teen 'n nog groter oormag.

Aan die einde van 1940 het die Duitse weermag ook vanaf Sisilië toegetree tot die stryd, om Malta beter te kon bykom

*(Vervolg op bl. 6)*

*(Van bl. 5)*

en die Britte se toevoerlyne af te sny. Kos- en brandstofvoorrade kon nie aangevul word nie, ammunisie en medisyne het opgeraak en steeds het die lugaanvalle nie opgehou nie. Die mense het swaar gekry, hongersnood het hulle in die gesig gestaar.

Vroeg in 1942 was Malta daagliks gestraf onder 'n reën van bomme; in April alleen was 67 000 ton na die klein eilandjie geloods. Op 15 April 1942 in die middel van die stryd is Malta se tweede Kruis aan haar toegeken deur koning George VI van Brittanje in erkenning aan die Maltese se onwrikbare dapperheid. Maar nog steeds het die straf nie opgehou nie. Eers in 1943 toe die Geallieerdes Sisilië binnegeval en die Spilmoondhede oorrompel het, het sake op die eilande verbeter. Nagenoeg 1500 burgerlikes het gedurende die oorlog omgekom. Die kalksteen rotsformasies van die eilande is reeds in antieke tye uitgekap om as grafkelders te gebruik en in die oorlog kon dit as ondergrondse bom-skuilings dien en het so groter lewensverlies verhoed.

---o---

Vandag merk `n mens die **Kruis van die Ridders van St Johannes** orals: uitgekap in klip, uitgekerf in hout, uitgesny in metaal, geskilder, geweef en borduur. Dit herinner jou voortdurend aan daardie dapper ridders wat saam met die Maltese in die bresse getree het vir die Christendom.

***Siege Bell***

Bokant die Groot Hawe van Valletta hang 'n massiewe klok, wat daagliks gelui word ter herdenking aan almal wat in die Tweede Wêreldoorlog omgekom het. Om twaalfuur elke dag weergalm die diep bastone van die *Siege Bell* oor die Groot Hawe en dit laat mens onwillekeurig dink aan die ander kruis, die Kruis van St George wat aan die mense van Malta geskenk is vir hulle dapperheid toe hulle vasberade geweier het om in te gee teen 'n oormag wat hulle wou verswelg. Die Kruis van St George is ook die een wat op die Maltese vlag verskyn.

Op feesdae vir Katolieke heiliges word daar groot fees gehou en in die nag word vuurwerke afgeskiet wat in uitbundige kleurespel bokant die lug van Malta ontplof. So herinner die Maltese mekaar: Ons het bomme en rampspoed deur die eeue trotseer, maar ons is nog hier – hulle kon ons nie onderkry nie!

***Naskrif***

Deesdae is Malta 'n onafhanklike staat en 'n lid van die Europese Unie.



*Shani Vavruch*

## Besoek ons webwerf en staan verstom



die **webwerwe** is te kry by:

http://ngkconstantia.za.net

**www.houtbaaigemeente.co.za**

*En raai waar is ons nog?*

Antw.: ........



+



=

die Facebook blad is by:

NG Kerk Constantia

## Sondag 16 Januarie 2011

Magda staan voor die diens buite met iemand en gesels en dié maak `n opmerking oor haar nuwe haarstyl, waarop sy sê: Ek kan nie eens meer onthou hoe dit voel om hare te hê nie. Met dié kom die samesteller van B&B om die draai en sy vervolg ewe vinnig: "Pieter, kan jy nog? " Liewe leser, hy het ook `n binneste, maar toe hy dit vir die leraar oorvertel toe skaterlag die ewe vrolik. Met die gaan sit slag in die kerk merk hy toe nog `n paar wie se geheue ook hard sal moet werk...



## *Van ons lesers:*

***Stella de Klerk skryf:***

Ek was Desembermaand na Europa. Ek het op 13 Desember vertrek na Oostenryk, Switserland en Duitsland op 'n Trafalgar-toer en toe twee weke op my eie in Londen. Dit was heerlik en ook die eerste keer wat ek sneeu in Londen se strate sien. Kensingtontuine, my geliefkoosde stapplek, was ook toe onder die sneeu en later het die ys dit moeilik gemaak om daar te stap. Ook Oxford was 'n gevaarsone vir my - ek het nie die regte stapskoene aangehad die dag toe ek daar was nie.




Oberammergau was 'n sprokie.

Ons toerleier vertel ons toe dat mense lank voor die opvoering by Oberammergau vir oudisies gaan, en dan mag hulle nie hulle hare laat sny of skeer nie. Op 'n vorige toer was daar 'n toeris wat gesê het hy het so 'n interessante gesprek met Jesus in die kroeg op die dorp gehad. "Oh," sê die 86-jarige van Dallas Texas op ons bus wat blykbaar pal op 'n toer is en juis in Mei by die opvoering was: "Jesus works in the post office, I bought stamps from him."



## *Kersspel en Kerssangdiens 2010*

### *Foto-verslag*



Verlede jaar het die Kerssangdiens en die Kersspel saamgeval en het die hele gemeente deel gehad aan beide.

Een van die herders se staf was amper te groot vir die herdertjie om te hanteer, maar eind goed, alles goed. Hulle het in aanbidding gekniel en die kleine herder wou na `n rukkie skelm loer of daar nog nie weer beweging is nie ... kosbaar en kostelik!

## TEDDIEBEERFEES OP 2 MEI

Die Teddiebeerfees vind vanjaar op 2 Mei plaas omdat 1 Mei op 'n Sondag val. Ons vra dat almal sal probeer help waar hulle kan. Dit is altyd heerlik om so saam te werk! Daar is veral baie helpers by die pannekoektafel nodig. Selfs al kan jy net 'n uur of twee help, sal dit waardeer word. Moenie nog wag totdat iemand jou vra nie – gee sommer dadelik jou naam in by die kerkkantoor of by Anna Els (0741862578). Ons is nie 'n groot gemeente nie en daarom is elkeen se samewerking belangrik! Bid intussen asseblief saam met ons dat die Here alles goed sal laat afloop ter wille van die koninkryk.

# CONSTANTIA VRIENDEKRING

19 November 2010



Ds. Uys Theron en sy vrou, Elmarie

Weer eens het **Helen en Truida (foto)** die aanwesiges bederf met heerlike versnaperinge by hierdie laaste byeenkoms van die jaar by die oggendtee. Ds. Uys het die groep laat skater-lag met sy humoristiese vertelling van Filemon Matata se angsvolle ervaring op die bouperseel!!!





Ongelukkig moes hulle tot siens sê aan Helen en haar helpers, daar sy die tuig neerlê as die konvenor van die Vriendekring. Ons opregte dank aan hulle vir die onbaatsugtige diens die afgelope paar jaar.

**Magdaleen Schmidt**

***`n Bank vir die Moederskamer***

Ons wil die moederskamer in Constantia meer gebruikersvriendelik maak vir moeders en hulle babas of klein kindertjies. Indien iemand 'n 2- of 3-sitplek bank het wat op die oomblik 'n wit olifant is, kan u dit gerus vir die gemeente skenk. Kontak **Magda Bester** by **021 712-1682** asseblief.






**Hester en Danie Myburgh** was onlangs in die Noord-Kaap en het die foto van die Augrabies-waterval geneem.

# L-10-T

Vier-en-twintig van ons het die afgelope paar Sondagaande deelgeneem aan die L-10-T opleiding. Dit sluit aan by die gedeelte in Lukas 10 waar Jesus die 72 dissipels uitgestuur het. Ons het nog nie al tien eenhede voltooi nie, maar dit is eenvoudig genoeg dat ons dit reeds kon begin toepas. Dit kom daarop neer dat jy jou geloof lewe daar waar jy jou bevind en die aanbieding op die DVD is uiters prakties. Dit is veral bedoel vir die sowat 96% kerkgangers wat NIE die gawe van evan-gelisasie ontvang het nie, maar nogtans aan die Groot Gebod en die Groot Opdrag moet en wil gehoorsaam wees. Iets interessants uit die kursus is dat navorsing toon dat 75-90% mense tot geloof in Christus kom as gevolg van interaksie met 'n vriend of familielid. Elke christen is dus strategies geplaas waar hy/sy is. Hierdie opleiding help ons op hierdie stadium alreeds baie om ons rol beter te verstaan en te vervul. Die "Transformasie" het reeds begin - by onsself!

***Ds. Uys Theron***

# KAMPKAMPKAMPKAMPKAMPKAMP

Ds. Theron en ses katkisante het die naweek van 4 tot 6 Februarie op Franskraal gaan kamp. Eintlik is “kamp” nie die regte woord nie, want ons het heerlik en gerieflik gebly in Gordon en Riana Thomson se vakansiehuis. Hulle was ons gasheer en –vrou en het ons omtrent bederf! Die weer was ook in ons guns en ons kon twee keer see toe gaan. Net enkeles het egter kans gesien vir die koue water! Ons het lekker goed gedoen waardeur ons mekaar baie beter leer ken het. Die blaassokker was beslis ‘n hoogtepunt. Daar is so baie gelag dat die tafeltennisballetjie met moeite vorentoe geblaas is. Verder het ons oor diep sake gesels – oor God en hoedat ons die Bose kan oorwin, oor Geloofsekerheid en die Bybel en “dating”. Ons het behoorlik aan Louis Giglio en Nickey Gumbel se lippe gehang. Behalwe vir ‘n bietjie min slaap, was daar gelukkig genoeg vrye tyd sodat ons nie te moeg teruggekom het nie.




Die persone op die foto is vlnr: Anél, Marco, Edward, Courtney, Monré, Stefni, ds Uys, Gordon en Riana.




Probeer jy `n tafeltennisballetjie in `n rigting blaas terwyl jy lag ... Stefni probeer saam met die ander haar bes!



Hester en Danie Myburgh

## Nog `n doktor Myburgh

**Dr. Danie Myburgh** het hom by sy vrou, **dr. Hester Myburgh,** aangesluit met die verkryging van sy doktorsgraad in die christelike etiek. Die titel van die proefskrif is: **Die relevansie van die christelike etiek in ’n post-modernistiese gemeenskap. ’n Teologiese-etiese analise en beoordeling.**

In die proefskrif is die oorsprong van die christelike etiek teruggevoer na die geskrifte van Jesus Christus en die sendbriewe van die apostels. Die begronding van die heiligheidsteologie as etiese beginsel op die Bybel word beoordeel. Die klem van die etiek is om die behoefte aan oorwinning en toewyding in die christelike lewe op die Bybel te begrond. Die nuwe denklyne wat in die etiek ontstaan het sedert 1960 is nagevors, ondersoek en beoordeel. Die nuwe denklyne word toegepas om aan te toon dat die christelike etiek relevant kan wees in die postmodernistiese wêreld met al die druk op die Christendom.

Constantia is so trots op julle!

jao

Hier is `n briefie wat ons van Jannie en Marna Theunissen wat in Thailand werk, ontvang het. Hulle word ook finansieel deur die gemeente ondersteun. **Jannie** tree juis op 6 Maart 2011 in die gemeente op.



Van der Spuystraat 19
Strand 7140
31 Januarie 2011

Liewe Constantia Gemeente,


So met die draai van die jaar wil ons weer die geleentheid gebruik om vir julle baie dankie te sê vir julle getroue ondersteuning gedurende die jaar wat verby is.

Dit bly 'n ongelooflike getuienis as ons vir die Thai mense kan sê dat daar mense in Suid-Afrika is wat geld gee sodat hulle geseënd kan wees. Ten diepste is dit vir ons almal seker die Here se roeping en sy liefde wat ons dring om by hierdie mense betrokke te wees. Ons prys Hom vir meetbare en opmerkbare groei in die Thai kerk. Ons prys Hom vir die voorreg om 'n deel te kan hê in wat Hy besig is om daar te doen en ons prys Hom vir julle wat ook saam met ons in hierdie werk deel.

Mag die Here julle seën soos vir Abraham sodat die Thai mense deur julle geseën word.

Met groot waardering en liefde

Jannie & Marna



# Nuwe Lewe vir Houtbaai Orrel

Daar is nuwe lewe in Houtbaai se historiese orrel *geblaas*! Die orrel is verlede jaar deur mnr. Richard Moth, lid van die Durbanville Orrelbouers Vereniging gerestoureer en gediens. Hy verklaar dat die orrel in 'n verbasende goeie toestand verkeer na sy vorige diens nege jaar gelede. Hy verklaar ook dat hierdie tipe orrels gebou is om honderde jare te kan hou. Die orrel het slegs minimale onderdele en reparasies benodig waarvan die onkoste deur 'n skenking gedek is.

Hierdie is nie sommer enige ou orrel nie! Op die orrel verskyn 'n gedenkplaatjie met die woorde: "Supplied by Cooper, Jill and Tomkins 1932", asook die woorde: " *'n Geskenk van die Sondagskool 4 Junie 1934*". Die orrel is gebou deur V.G. Vowles (onderneming gestig in 1894), 'n orrelbouer van Bristol in Engeland. Die onderneming het minstens 11 orrels na Suid-Afrika uitgevoer. Dr. Albert Trotskie skryf in sy boek, *Historic Organs of South Africa* : "Hierdie instrumente was meesal klein, wat ongetwyfeld 'n rede was waarom daar nie mee gepeuter is nie." Die gevolg is dat nog minstens sewe Vowles-orrels nog ongeskonde en in hul oorspronklike toestand is – waarvan die Houtbaai orrel (gebou in 1903) EEN is!! Die ander ses is in Engelse kerke in Swellendam, Riversdal, Mosselbaai, Stellenbosch, Kroonstad en die St John's Church in Kaapstad te vinde. Dit blyk dus dat ons orrel die enigste een in 'n NG gemeente is!

Dit maak ons harte baie opgewonde om te weet dat ons orrel gediens is en weer gebruik kan word. Houtbaai se koster, Cathleen Seis, sê dat die orrel veral gewild is by troues en dat huwelikspare dikwels die Houtbaai kerkgebou uitkies juis omdat die orrel 'n bydrae lewer tot die spesiale atmosfeer wat verlang word.

Prof. Trotskie is nou blykbaar besig om verdere navorsing te doen vir 'n boek wat spesifiek sal handel oor historiese orrels wat in hul oorspronklike staat behoue gebly het en hy toon belangstelling in die Houtbaai orrel. Ons orrel blyk dus van groot kultuur-historiese belang te wees – wat 'n voorreg om so 'n kleinnood vir ons gemeente, die kerk en ook vir die nageslag te mag bewaar! Daar word nou beoog om die orrel op kreatiewe wyses hierdie jaar te gebruik. Hou die bulletin asseblief dop!

# Gedagtes rondom Lyding in Lydenstyd

Lydenstyd begin op Aswoensdag wat hierdie jaar op 9 Maart val. Ken Collins het 'n stuk geskryf op sy webwerf (http://kencollins.com) om ons meer bewus te maak van wat dit beteken om Lydenstyd ernstig op te neem.

Die oorspronklike teks verskyn by *http://kencollins.com/hope-23.htm*

Die vertaalde weergawe word hier weergegee met die vriendelike vergunning van die outeur.

**Eerlik voor God**

*Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus se dissipels gesê: "Wat Hy nou sê, is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?" ... Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie.* Joh. 6:60, 66

Ons ontwyk Lydenstyd en Heilige Week omdat dit nie 'n gelukkige en opbeurende tyd is nie - maar inderwaarheid is die lewe ewemin so. Soms kom ons kerk toe skoongeskrop en mooi aangetrek, met glimlagte, en wanneer mense ons vra hoe dit gaan, antwoord ons dat dit goed gaan, en ons spog selfs met hoe wonderlik alles is – maar dit is als 'n leuen. Die lewe is nie altyd opbeurend, of wonderlik, of aangenaam, of vol vreugde nie – maar ons is die leuen geleer dat vir gelowiges soos ons, moet dit so wees. So word ons rolspelers, skynheiliges – ons vertel onsself dat deur so 'n leuen te lewe is ons gelowig, en indien ons genoeg lieg sal die slegte dinge vervaag, soos 'n droom vervaag terwyl jy wakker word.

Maar dan begryp ons die hele punt van inkarnasie glad nie. God het vlees geword in Jesus Christus. Jesus het versoeking trotseer, Hy het honger en dors gely, Hy het die smart van die kruisiging gely. Jesus ons God het nie hierdie dinge trotseer sodat ons daarvan gevrywaar sou wees nie, Hy het dit trotseer sodat ons waardigheid daarin sou hê.

Ons dink aan onsself as so modern en verlig wanneer ons lees van melaatses wat deur 'n skare loop terwyl hulle uitroep "Onrein, onrein!" sodat ander hulle sal vermy om hulself van rituele onreinheid te beskerm. Ons vertel onsself dat ons nooit so iets sal doen nie, maar ons doen tog dieselfde! Wanneer 'n persoon in ons gemeenskap treur, of bedruk, of kroeserig voel – ons moderne vorm van sosiale melaatsheid – roep hulle uit, "Los my uit, ek wil alleen wees." In werklikheid soek hulle geselskap, maar hulle sê mense aan om weg te gaan om verwerping te vermy en om dit makliker te maak om verhoudings te herstel wanneer hulle weer fris voel. Ons lag wanneer ons die dae onthou dat mense fyn uitgevat was vir kerk toe gaan, net om by die huis te bly omdat hulle gedink het hulle lyk nie goed genoeg nie. Maar in ons dwaasheid doen ons dieselfde met ons emosies. Ons bly weg wanneer ons emosies nie fatsoenlik genoeg is nie.

Tog, toe Jesus vlees geword het en onder ons kom woon het, en honger en dors en hitte en koue en verraad en eensaamheid, en uiteindelik ook pyn en smart gely het, en op die kruis gesterf het, het Hy waardigheid gegee aan Sy kinders wat ly. Hy het waardigheid aan ons gegee! Almal vermy 'n treurige persoon, behalwe Jesus wat baie bekend is met droefheid. Jesus is die een Persoon wat die besetenes van Gadarene hulle waardigheid teruggegee het, die enigste Een wat die duiwels kon besweer. Jesus het die man ontmoet wat in 'n begraafplaas gelewe het, nakend, skreeuend dag en nag, en sy gees gekalmeer en sy siel genees. Hoe kan jy dink dat hierdie Jesus deur jou pessimisme of jou sinisme of jou droefheid of jou smart afgestoot sal voel? Hoe kan 'n Man wat duiwelbesetenes tegemoet gaan deur jou afgestoot wees?

Die mense van hierdie wêreld glo in die krag van positiewe denke en in geluk, en in hulle geloof is hulle baie slim. Mense van hierdie wêreld het net die huidige moment en as hulle daarin ongelukkig is het hulle iets verloor. Maar ons wat Christene is kan ongelukkigheid en droefheid en eensaamheid en rugstekery en verraad en verlatenheid en armoede en honger en dors verduur; ons kan rou en smart en selfs die dood trotseer, omdat Jesus al daardie dinge verduur het. As Christene weet ons, Jesus se lyding was Sy pad na Glorie, en Sy Kruisiging was die deur na Sy Opstanding. Ons weet dat Hy opgevaar het en in die hoogte sit, lewendig en wel, aan Sy Vader se regterhand van waar Hy oor alles heers. Ons kan ons eie kruisigings in ons lewe verduur omdat ons weet dat ons op die Laaste dag in Sy Opstanding sal deel.

Op Palmsondag het die skares Jesus toegejuig as Koning, maar waar was al daardie mooiweersvriende toe Jesus in angs in Getsemane gebid het, en waar was hulle toe Hy aan die kruis gehang het?

Laat ons daarom wys dat ons Christene nie net Jesus se mooiweersvriende is nie, maar Sy ware vriende. Laat ons vrymoedig by Hom aansluit om veertig dae in die wildernis te vas gedurende Lydenstyd, laat ons saam met Hom in die Tuin van Getsemane bid voor Sy lyding, en laat ons onbeskroomd aan die voet van die kruis staan op Goeie Vrydag, sodat ons getuies kan wees van Sy Opstanding en Sy Hemelvaart en kan deel in Sy triomfantelike Heerskappy. En op daardie Laaste Dag wanneer Jesus sy oppervlakkige aanhangers verbygaan, laat ons Sy ware vriende wees vir wie Hy in Sy Glorie sal verwelkom.

(Copyright © 1995-2004 Rev. Kenneth W Collins. All rights reserved.)

# Kerknuus

## ADRESSE

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,
KREUPELBOSCH, 7945
Telefoon/Faks (Kerkkantoor):
021-712 1682
E-pos: ngconstantia@xsinet.co.za

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai

Webwerf addresse :

http://ngkconstantia.za.net

www.houtbaaigemeente.co.za

**Kerkbode kry die eerste keer 'n vrou aan die stuur**

Kerkbode, koerant van die NG Kerk, het vir die eerste keer, al is dit dan op waarnemende grondslag, 'n vrou as redakteur gekry. Boonop is Adri-Louise van Renen ook nie 'n dominee soos Kerkbode-redakteurs die afgelope 161 jaar was nie, skryf Neels Jackson in Die Burger van 15 Januarie 2011.



***Lignet is die webtuiste vir die kerk se jongmense.***

***www.lignet.co.za***




***LIGnet is 'n uithangplek vir Christen-tieners. Dit praat jou taal, tienertaal, sielstaal.***

## Omdat ons klein is …

In Houtbaai is Marina Meyer se speelskool, wat genoem word "Lighthouse Kidz Playschool". Ek het 'n bietjie by haar gaan kers opsteek oor hoe die Here haar gelei het om hierdie stukkie paradys te bedryf. Hier is haar storie:

*"Kinders was van kleinsaf my groot liefde – het kleintjies altyd rondgedra en met hulle gespeel. Na skool het ek pre-premêr gaan studeer, maar nie voltooi nie as gevolg van persoonlike probleme. Vandat my kinders begin skoolgaan het, was ek betrokke by Kinderbedieningsgroepe. Ongeveer 15 jaar gelede het ek 'n Kinderbedieningskursus deur die Hugenote Kollege voltooi. Aan die begin van 2002 het ek werk gekry by die Kronendal Laerskool nadat die Here my in 'n droom gewys het dat ek by 'n skool sou gaan werk. In 2003 het ek ingeskryf vir 'n Educare Kursus by die Cape College wat ek dan ook Cum Laude geslaag het. In 2007 het die Houtbaai-gemeente my toegelaat om te begin met "Lighthouse Kidz Playschool" – 'n droom wat waar geword het. Hier word 'n volledige voorskoolse kurrikulum, met die kinders gedoen. Daar is tans 6 kindertjies. Finansieel is die skool nie winsgewend nie, aangesien kinders wat dit nie kan bekostig nie, ook gehelp word. Ek is dus gereeld op soek na borge vir kinders soos hulle wat 'n goeie voorskoolse opvoeding moet misloop as gevolg van 'n gebrek aan geld. Die "Lighthouse Kidz Playschool" roem daarop dat elke kind indiwiduele en persoonlike aandag en liefde kry. Daar is hierdie jaar ook 'n Down Sindroom dogtertjie wat op haar gebied spesiale aandag vereis. Een van my kindertjies, Emily, het verlede jaar Desember opgetree in die produksie "Goldy Locks and the Seven Dwarfs" wat in die Artscape opgevoer is.*
*As deel van die jaarprogram word elke jaar 'n Kersprogram aangebied, waar die kinders optree en vir die ouers wys wat hul geleer het. Ons het die wonderlike voorreg om iemand soos Helmien te hê wat elke jaar vir ons konsertklere maak. Sy is besonder talentvol en kreatief. Die skooltjie, hoewel klein, is my hart! Dis absoluut WONDERLIK om te sien hoe die kinders groei en ontwikkel. Dis 'n VREUGDE om hulle te sien lag en leef! Hulle is so SPESIAAL in God se oë en dis 'n groot voorreg om met hulle te kan werk."*

Elke jaar word al die skole besoek deur lede van die "Child Minders Assosiation". Hulle ondersoek alles, kyk na die veiligheid van die omgewing waar die skool is, na die kurrikulum, of alles aangeteken word wanneer 'n kind byvoorbeeld siek word of seerkry, ens. Die skooltjie is baie trots daarop dat hulle in 2009 'n sertifikaat ontvang het. Op my beurt kan ek getuig van die wonderlike atmosfeer wat daar heers, hoe gelukkig die kinders is, en die wonderlike verhouding wat daar heers tussen die kinders en hulle juffrou. Sy het ook 'n dame wat haar bystaan met die kinders vir wie die kinders ook baie lief is. As enigiemand dalk geroepe voel om 'n kindjie te borg om ook te deel in hierdie wonderlike geleentheid, skakel haar gerus by **021-7906065** of **0735791258.**

Jesus het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie …" Dis 'n fees om deel te hê aan kinders se opvoeding en ontwikkeling, nie net op akademiese gebied nie, maar veral op geestelike gebied. Marina, ons bid vir jou. Mag die vrede van Jesus wat alle verstand te bowe gaan, en Sy genade wat jou daagliks beskerm altyd by jou bly.

***HELMIEN***